

**6 Junie**

**Skrifgedeelte: Jeremia 7:1-15**

**Fokusgedeelte: Jeremia 7:4**

### **Pas op vir ‘n valse vertroue!**

Sê nou ons beleef ‘n ernstige krisis. Sondag gaan ons kerk toe, want ons het die behoefte om weer bemoedig te word. En dan sê die dominee in sy preek: “Julle het ‘n vals hoop, as julle dink dit sal beter gaan, omdat julle kerk toe kom. Voordat julle nie eers julle lewe en julle dade reg maak nie, sal dit nie beter gaan nie!”

Dit is min of meer wat hier in Jeremia 7 gebeur het. Die volk Juda was in groot gevaar weens die bedreiging deur die Babiloniërs. Wanneer die volk nou in dié krisis die tempel besoek, sê Jeremia vir hulle: Maak eers julle lewe en julle dade reg (vers 3). En: Julle moenie daarop vertrou dat die tempel julle sal red nie (vers 4).

Jeremia 7:5-6 sê watter dinge eers reggemaak moet word. Hulle moet aan mekaar reg doen, nie die vreemdeling, wees en weduwee verdruk nie en nie onskuldige bloed vergiet nie. Dit gaan oor reg en geregtigheid in die samelewing en in besonder reg en geregtigheid teenoor dié wat geen regte het nie.

Wanneer die volk van die Here voortgaan om verkeerd te doen, maak hulle van God se huis ‘n “rowerspelonk” (vers 11). Dan word die erediens ‘n bendeskuling vir mense wat hulle in die week met allerlei ongeregtighede besig hou!

God verlos nie mense sodat hulle gruwels kan doen nie (vers 10). Daarom waarsku Hy sy volk (vers 12-15): Gaan kyk hoe Silo destyds verwoes is. Dit kan weer gebeur!

*Sing: Psalm 89:6 Ds JL van der Schyff (Burgersdorp)*